

16 Mei

Filippense 3:17-21, (Teks: 3:20, 21)

Hemelse burgerskap

Deesdae word baie gemaak van sogenaamde "aliens" wat dan hemelwesens sou wees. Maar wie is eintlik hemelwesens? Volgens die Skrif is dit ons, die mens. "Maar ons is burgers van die hemel, van waar af ons ook die Here Jesus Christus as Verlosser verwag. Deur die krag waarmee Hy alles aan Hom onderwerp, sal Hy ons nederige liggame verander om soos sy verheerlikte liggaam te wees" (Fil. 3:20, 21).

Ons Hemelse Vader het ons gemaak; ons behoort volgens hemelse standaarde te leef en ons verwag die hemelse heerlijkheid eendag.

Dis so moeilik, want die sondeval het ons hemelse begrip en bewussyn vermink.

God wil ons weer herstel tot hemelwesens omdat ons burgerskap eintlik in die hemel is. Ons is net tydelike inwoners hier en mag nie soos die wêreld maak nie, want ons word herstel deur 'n hemelse wedergeboorte. Ons name is in die hemelse register en ons verwag 'n hemelse erflating.

Ons verwag Jesus Christus uit dieselfde hemel. Hy as ons Hoof is reeds daar. Hy berei en hou vir ons plek.

Met sy wederkoms sal Hy ons as totale mens verander om weer ware hemelburgers te wees. Deur die lewewekkende krag van die Heilige Gees sal God ons almal opwek.

Dan gaan ons verheerlikte mense wees, hemelse mense, nie engele nie, maar maksimum mense soos wat God ons aanvanklik beplan het. Is ons prioriteite reg? Hemels of aards?

Ons is nie tuis hier nie. Ons is net tydelik hier.

Leef volgens hemelse norme en reëls en laat so God se koninkryk kom.

Sing: Psalm 48:1,4

Ds. L.J. Badenhorst (Rustenburg-Noordoos)